WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 11/2019
27/11/2019

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Genl HS Wassermann van die SAGD

Liezel Viljoen verwittig met leedwese "… dat hierdie strydros van die SAGD op 19/11/2019 op 96 jarige ouderdom by sy Versorgingseenheid in Montana oorlede is. Die begrafnis het op 25/11/2019 by die NG Gemeente Petronella langs die Ou Warmbad-pad plaasgevind. My selno is 082 332 7726".

2. Afsterwe van JC (Jakes) Swart van die Infanterie

Chris van Zyl van die Geskut verwittig met leedwese "… dat Jakes op 20/11/2019 in 1 Mil Hosp weens kolonkanker oorlede is. Ons meegevoel en vertroosting met sy familie, vriende en makkers. Jakes het die poste van Bev Sektor 10 en Bev Spes Magte Bde voor aftrede beklee".

Chris Wehrmann voeg by dat Jakes se vrou, José, se telefoonnommer 012-654 7754 is wat deur haar seun, Harry, beantwoord word.

Callie Roos van spesiale Magte noem dat "... die gedenkdiens om 10:30 op Vrydag 29/11/2019 by die NG Gemeente Raslouw op die hoek van Gouws- en Theostraat in Wierdapark sal plaasvind. Drag vir die Veterane is Assosiasie baadjie, medaljes en beret".

3. Afsterwe van MS du Toit van die Infanterie en Afd Inl

Jurie Bosch van die Ierse Infanterie en Afd Inl verwittig met leedwese "… dat MS gedurende die nag van 16/17 Nov 2019 aan huis in Centurion in sy slaap oorlede is. MS se een seun, Francois, sien om na Marienne en sy selno is 084 955 2803".

MS se jongste seun, Rudolf, verwittig die begrafnisdiens het op 27/11/2019 by die NG Gemeente Doornkloof plaasgevind, gevolg deur die ter aarde bestelling by die begraafplaas te Olievenhoutbosch. Rudolf se selno is 082 500 0058 terwyl Marienne by 012-667 2540 geskakel kan word.

4. Afsterwe van Hennie Kotze van die Kavallerie

Hennie se swaer, Koos (JJJ) Pretorius van die Logistiek, verwittig met leedwese "… dat Hennie op 03/11/2019 in 1 Mil Hosp na 'n lang stryd teen prostaatkanker in die ouderdom van 66 jaar oorlede is. Hennie is die seun van wyle genl HA Kotze van Logistiek. Sy vrou, Chrissie se selno is 072 113 6783. Die begrafnis het op 07/11/2019 vanuit die NG Gemeente Wierdapark plaasgevind".

5. Afsterwe van Kpln James Kemp

Johan Brink is James se skoonseun en verwittig met leedwese "… dat James op 04/11/2019 op die ouderdom van 93 jaar in Bellville oorlede is. Hy het as kapelaan by 5 SAI Bn, SA Mil Akad en HK Kmdmt N Tvl gedien en is daarna as die SAGD se Kpln-Genl aangewys. Na sy aftrede het hy vir vir 'n lang tydperk by die Geopende Deure-organisasie diens gelewer. Sy eggenote, Dolly, het hom twee jaar gelede ontval. My e-posadres is jbrink1945@gmail.com".

6. Afsterwe van Eben Van Gent van die Infanterie

Piet Paxton van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat Eben op 26/09/2019 oorlede is. Hy was werksaam by Joint Ops Div. Die begrafnis het op 03/10/2019 by die Shalom-gemeente in Montana plaasgevind".

7. Afsterwe van Jose Ribas van Logistiek

Ed Ruziecki van Logistiek verwittig met leedwese dat Jose Ribas, 'n legende onder die Loggies, op 24/10/2019 op die ouderdom van 64 jaar in die hospitaal in Durban aan breinkanker oorlede is. Sy gedenkdiens het op 31/10/2019 by die NG Gemeente Durban-Oos plaasgevind. Jose is in Portugal gebore en het sy weg eers na Angola en toe in die 1970s na Groortfontein gevind, waar sy loopbaan in die SAW begin het. Na die onttrekking van die SAW is hy na 83 TVD in Durban verplaas, waar hy sy loopbaan in Jul 2015 as RSM afgesluit het. Jose sal vir sy rykvolle en lojale diens aan die SAW en SANW en as 'n soldaat en vriend met 'n uitstekende organisasie-vermoë onthou word. Rus in Vrede Jose; jy is 'n legende. Jose se vrou, Anchen, se selno is 072 436 9420".

8. Afsterwe van Dawid Blaauw van 1 Valsk Bn en Spes Magte

Geoff Holland-Muter van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat Dawid op 20 /11/2019 in Kaapstad oorlede is . Die gedenkdiens het op 29/11/2019 by Schaapkraal in Phillipi plaasgevind. Dawid se dogter, Marlene Punt, se selno is 078 2731700".

9. Afsterwe van Ferdi Beukes van die Kavallerie

Jaco van As van die Kavallerie verwittig met leedwese "… dat Ferdi op 10/10/2019 weens kanker oorlede is. Ferdi was voorheen Bev 118 Bn te Ellisras. Die gedenkdiens het op 14/11/2019 by die Klipkerk in Heidelberg, Gauteng plaasgevind.

10. Afsterwe van Anton Nortier van die Infanterie

Jaco Steenberg van die SAWV verwittig met hartseer "… dat Anton op 27/10/2019 in De Rust in die Wes-Kaap oorlede is. Sterkte aan sy familie in hierdie hartseertyd. Sy dogter, Annalize, se e-posadres is annalizenortier@yahoo.com".

11. Afsterwe van Johan Swiegers van die Infanterie

Jaco Steenberg van die SAWV verwittig met leedwese "… dat Johan onlangs oorlede is. Hy was oorspronklik lid van die Rhodesiese Weermag en het onder andere die Mariniers se bote in die Caprivi versien. Hy was 'n Springbok kaalvoetskieër, maar het nou sy stryd teen kanker verloor en is veilig in God se arms. Sy vrou, Nellie, se selno is 082 335 6979".

12. Mediese Behandeling vir Deon van Zyl van die Seiners

“Ek was onlangs 2 Mil Hosp vir 'n jaarlikse biopsie op my blaas opgeneem, weens kanker wat so ‘n paar jaar gelede ontdek en suksesvol behandel is. Ek is dankbaar dat die uitslag positief is. My e-posadres is deon.avanzyl@gmail.com”.

13. Operasie vir Peter Lemon van die Seiners

* Peter noem dat …“nadat ek die skokkende nuus oor my gesondheid en my toekoms ontvang het, is ek nou vasbeslote om alles in my vermoë te doen om my mede-mens se lewe makliker te maak. Die operasie self het niks met die kanker te doen nie, maar is om die bloedvloei in my bene te herstel. Daar gaan ‘n aaromlyning in die linkerbeen en twee stents in my regterbeen gedoen word. Ek sukkel om te loop weens ‘n swak bloedvloei na my bene en gevolglike te min suurstof na die spiere. My e-posadres is afrisun.sa@gmail.com”.

* Gerrit Murphy van die Seiners noem dat hy vir Peter “… geskakel en sterkte toegewens het vir sy operasie wat op 14/11/2019 by 2 Mil Hosp plaasvind. Peter het by sy suster in die Kaap vertoef toe hy siek geword het. Peter se selno is 076 123 4123”. Later verwittig Gerrit dat “… die operasie aan die twee bene goed afgeloop het. Daar is egter nou 'n gewas aan sy blaas ontdek en ‘n Uroloog gaan op 27/11/2019 die gewas verwyder”.

14. Terugslag vir Sarel Kruger van die Seiners

Gerrit Murphy rapporteer ook “… dat Sarel op 14/11/2019 by 2 Mil Hosp opgeneem is, Dit gaan nie goed met Sarel nie, aangesien daar te min suurstof in sy bloed is. Daar was toe twee Seiner-kolonels in 2 Mil Hosp. Sarel se selno is 082 892 5730”.

15. Terugslag vir Boela Muller van die Infanterie

Boela se dogter, Ronel, verwittig “… dat Boela aan Dimensia ly en die kinders ‘n versorger, Sarah, aangestel het om na hom om te sien. Boela se selno is 082 578 6230 wat Sarah antwoord en in helder oomblikke is hy in staat om ‘n gesprek te voer. Boela se huisadres is by Willow Estate 52, Bushstraat 380, The Willows, in Pretoria. Ronel se selno is
082 889 1802”.

HULDEBLYKE AAN MS DU TOIT VAN DIE INFANTERIE EN AFD INL

16. Jurie Bosch van die Ierse Infanterie en Afd Inl. Jurie verklaar die volgende met ‘n traan in die oog:

“My geliefde vriend is weggeneem deur die Here. MS was ‘n groot bron van energie en liefde wat geen einde geken het nie. Ons het in 1975 saam diens gedoen toe hy SSO Ops by HK 72 Bde was en ek Bev SA Irish Regt was. MS was ‘n besonder begaafde soldaat in murg en been en het alles met oorgawe gedoen. Tydens Op Savannah het hy as Willie Kotze se 2iB hulle brigade tot groot hoogtes geneem. MS was saam met my by Direktoraat Buitelandse Betrekkinge van die ou SAW betrokke om bande met al ons militêre vriende te verstewig. Voor aftrede het hy as Bev 71 Inf Bde in die Kaap gedien.

MS was primêr verantwoordelik vir die stigting van AMAGP, die organisasie wat ons GEPF pensioene beskerm en hy het die geweldige probleme uitgewys wat AP Stemmet, Albert van Driel en Hennie Roux as AMAGP verder gevoer het.

Ons as ou Romeo-vriende sal hom mis, maar ek het ‘n wonderlike vriend verloor! Jy moet saam met jou geliefde seun in vrede rus. Met al jou terugslae verdien jy dit. Ons innige simpatie met Marienne en die kinders. Rus in Vrede ou maat”.

17. Hennie Heymans van die ZARPe

“Gedurende 1988 was die einste kol MS du Toit ons kursusleier vir bywoning van 'n politieke oorlogsvoeringskursus in Taiwan. Ons was 'n groep SAW-lede en een lid elk van die SAP, SA Gevangenisdiens en NID. Hy was 'n goeie ambassadeur vir die RSA en die SAW! My innige simpatie. Saluut!”

18. Hercules (Ore) van den Heever van die Kavallerie

“Dit is hartseer om van MS se dood te hoor. Ons woorde is te min om ander te troos wanneer ‘n geliefde jou vooruitgaan. Ons glo sy familie sal in hierdie tyd die Trooster by hulle hê. MS was een van die stigterslede van wat nou as AMAGP bekendstaan. Dankie aan sy harde werk in daardie dae”

19. AP Stemmet van die Kavallerie en AMAGP. Hiermee ‘n effens verkorte weergawe van AP se huldeblyk:

“My en MS se paaie het die eerste keer in 1966 gekruis gedurende die parade vir die Republiekfees toe hy as jong offisier die bataljon afgerig het waaraan ek ‘n lid was. Sy leierskap en perfeksionisme het my dadelik beindruk. Vir MS het tweede beste nie bestaan nie. Baie jare later ontmoet ons weer toe ons besef dat ons dieselfde bekommernis deel oor die oënskynlike roekelose en twyfelagtige beleggings wat ons pensioenfonds kon skaad. Die vennootskap van 1966 vennootskap het herleef en ons was gereed vir oorlog in belang van ons pensioenfonds. MS het kollegas met inligting en kundigheid begin saamsnoer en geleidelik het ‘n gedugte span ontstaan. Hy het begin om dokumente op te stel waarvan party tot vandag nog gebruik word en indrukwekkende briewe aan die Minister van Finansies, die Openbare Beskermer en die Raad van Trustees van die pensioenfonds geskryf. Ek moes dit teken want MS wou geen krediet hê nie.

MS se het die leiding geneem met die stig van AMAGP wat vir die bevordering en beskerming van ons pensioenfonds beywer. Hy het die eerste vergadering gereël en ek is bewus dat MS van die kostes uit sy eie sak betaal het. Hy het gereël dat vyf kundiges referate lewer en hy het as eerste spreker die bedreiging vir die pensioenfonds volledig omskryf. Die kern van AMAGP is gevorm en ons kon voortbou op die basis wat hy gelê het

en het ontwikkel tot 3 350 ingeskrewe lede en 13 310 ondersteuners FaceBook en het wye erkenning geniet en suksesse behaal. Ons dank MS postuum vir sy reuse bydrae.

AMAGP het ‘n leier en die lede van ons pensioenfonds ‘n bekwame en verbete stryder vir hulle belange verloor. Vir Marienne en die kinders dra ons op aan die getroue Vertrooster, wat 'n getroue volgeling tot hoër diens opgeroep het. Ons eer sy nagedagtenis.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

20. Kerswense

Ds Johan de Witt, veteraan-kapelaan en voormalige Kapelaan-generaal “… wil hiermee al die lesers van die Nuusbrief en hull gesinne ‘n Geseënde Kersfees en ‘n Vreugdevolle 2020 toebid. Vir hulle wat die afgelope jaar ‘n geliefde aan die dood afgestaan het, bid ek die Troos van die Here toe. So ’n eerste Kersfees sonder jou geliefde bly altyd swaar”.

21. Verjaarsdag van Genl Constand Viljoen

Chris van Zyl van die Geskut verwittig dat genl Viljoen op 30/10/2019 sy 86ste verjaarsdag gevier het.

22. Gedigte deur MO Oelschig van die Parabats

Die veelsydige Mo noem uit die skadu van die Rockies dat hy “… die gedig hieronder, *The Chisel of Time*, geskryf het na eers Keith Fisher en toe Vos Benade se afsterwe. Die enigste mense wat dit gesien het was Keith se dogter en Valerie, Vos se weduwee. Met die nuus van MS du Toit en Jakes Swart se heengaan, het ek nou die gedig aangestuur, want dit is mos ook ‘n manier van treur.

In Apr 2019) het ek die eerste prys in die jaarlikse kompetisie van die Poetry Institute of Canada losgeslaan. Die gedig, *Regret*, is in hul jaarlikse bloemlesing, *Island Shores – An Anthology of Verse*, gepubliseer. Dit is reeds in 2018 in my digbundel, *The Greatest Treasure*, ingesluit. Die digbundel, en die ander nege van my boeke, kan op Amazon.com besigtig word.

The Chisel of Time

Day by day the rocks erode
As the chisel of time chips away
‘Til the hardest rocks on the crust of the earth
Are reduced to dust and clay.

An old warrior dies. A bugle calls
To signal the close of his quest.
With his watch complete, his duty done,
He withdraws to claim his rest.

Comrades remaining to grieve his loss
Bear the scars of the chisel of time
As they, who have scaled the summits of life,
Approach the last hill they’ll climb.

The chisel of time will chip away
And the clock of the eons will chime.
The rocks will erode, they’ll crumble and fall
‘Til all that remains ... is time.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

23. SAN Frigate and Submarine Midlife Upgrade on Hold

Angel reports in his MN that Armscor has stated in its annual report that all activities on the midlife upgrade of the SAN submarines are suspended due to the imposition of severe budget cuts. The SAN also points out that three of the four frigates and two of the three submarines are in urgent need of complete refits, but the full medium term expenditure framework refit allocation only covers the refit of either one frigate or one submarine. Only insufficient and partial maintenance and repairs can therefore be affected, impacting negatively on achievable hours at sea. The photo shows the SAS Mendi in harbour. Angel added "… that this is yet another indicator of the sorry state that the SA military finds itself in".

24. Achievement by DENEL During Long-range Artillery Testing

The CEO, Danie du Toit, has announced "… that DENEL has achieved a record distance and accuracy during long-range artillery testing conducted at the Alkantplan Test Range in the Northern Cape. The long-range guns manufactured by DENEL and ammunition produced by Rheinmetall Denel Munition, reached targets at an average range of 76.2 km.

Danie du Toit added that this was a new milestone in the long-range artillery capability of Denel, as the test results exceeded expectations, both in the distances achieved and accuracy. It underscores Denel's reputation in the design and manufacturing of world-class artillery and the manufacturing of ammunition that enables the guns to reach long range targets with unrivalled precision. The main artillery systems used during the testing were the G6-52 self-propelled gun-howitzer and a German PZH2000 mounted gun. The ballistic system is based on the technology developed in the late 1990s and has been consistently improved over the past two decades. The artillery produced by Denel Land Systems is still considered to be the yardstick against which all other long-range systems are measured".

25. Ontwikkeling van die SA Militêre Doktrine

Hennie Heymans van die ZARPe verwittig dat hierdie studie deur dr Leopold Scholtz oor die ontwikkeling van die SA militêre doktrine op die skakel hieronder beskikbaar is en Hennie meen dat daar waarskynlik akademici en soldate sal wees wat daarin belang sal stel:
https://www.litnet.co.za/die-ontwikkeling-van-die-suid-afrikaanse-militere-doktrine/

Dr Leopold Scholtz van die Infanterie is 'n bekende skrywer van militêre en staatkundige geskrifte en het die volgende inleiding tot die bogenoemde insiggewende studie geskryf:

“Min is nog geskryf oor die ontwikkeling van ’n eiesoortige SA militêre doktrine. Deel van die rede hiervoor is dat bitter min rolspelers in die SA krygsgeskiedenis die moeite gedoen het om werklik oor die teorie van oorlogvoering te besin. Die enigste werklike uitsondering is Roland de Vries. Vir die res moet ’n SA doktrine afgelei word uit wat offisiere op en rondom die slagveld gedoen het, eerder as op wat hulle op skrif geteoretiseer het. Dit blyk dat die SA militêre doktrine veral die volgende elemente bevat, naamlik ’n strewe om ongevalle so laag moontlik te hou, om liniêre oorlogvoering met frontaanvalle te vermy en eerder op maneuvrering, mobiliteit, omvleueling, flankaanvalle en misleiding van die vyand staat te maak. Die artikel ontleed elemente uit die Anglo/Boere-oorlog, die twee wêreldoorloë en die grensoorlog en kom tot die gevolgtrekking dat ’n eiesoortige SA militêre doktrine wel bestaan en dat dit verwant is aan die Duitse *Bewegungskrieg”*. Nota. Sal verbaas wees as die huidige generasie van operasionele bevelvoerders en beplanners nie weer liniêre oorlogvoering as maklike alternatief voorstaan nie.

26. Namibia’s Namdock to Maintain Vessels of the Angolan Navy

Namibia’s Namdock has been awarded a contract to repair and maintain Angolan Navy vessels, with the first to arrive in early 2020. Willie Esterhuyse of Namdock states that they will initially take two Angolan vessels into its dry docks, but next year the contract could be expanded to include other Angolan vessels as well as training and related services.

Namdock operates three floating docks at the Namibian port of Walvis Bay as well as seven cranes and one 60 ton floating crane. The docks involve a joint venture between the EBH Consortium and Namport, the state-owned ports authority. The photo shows the dry dock in Walvis Bay.

27. Argentine Navy's Tall Ship Docks in London

Arne Soderlund reports in his MN that the Argentinian Navy's training vessel, ARA Libertad, docked in London on 25/10/2019, marking the half-way point on the 48th midshipman training voyage. The vessel is one of the largest and fastest tall ships in the world. Arne remarks that 50 years ago he was one of the naval cadets aboard ARA Libertad!

28. Air-cushion Small Amphibious Assault Ship

The Russian Baltic Fleet has utilized its air-cushion small amphibious assault ship, Yevgeny Kocheshkov, to practice loading and unloading military hardware with personnel onto the sea coast in Russia's Kaliningrad Region.

TOEKOMSTIGE OORLOë

29. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

30. Ambulans in Gauteng

Dr Lourens Smith van die SAGD verwittig dat die Veterane in Gauteng die selno by 082 8808 440 moet skakel indien hulle 'n ambulans nodig het.

31. Probleme met Bril se Lense

Kallie Bröcker van die SALM en voormalige Trustee van die SMMVF, verklaar dat hy "… die afgelope paar jaar dit by die Veterane tuisgebring het dat ons dankbaar moet wees vir wat die SMMVF wel vir ons doen en nie altyd rede het om te kla nie.

Ek en Rita het egter in 2018 vir die eerste keer van World of Vision te Lifestyle in Centurion gebruik gemaak om ons oë te toets en van nuwe lense en brille voorsien te word. Die bybetaling wat ons moes maak was billik, maar is ingelig dat die SMMVF nie vir Anti-Glans betaal nie. Ons kom nou die afgelope tyd agter dat ons brille nooit werklik skoon is nie en het by World of Vision navraag te doen. Ons is meegedeel dat die Anti-Glans op ons lense 'n 'inhuis' produk is waarop geen waarborg van toepassing is nie. Om dit reg te stel moet nuwe lense verkry word waarop die 'volwaardige' en gewaarborgde Anti-Glans aangebring is, wat ongeveer R2 000 per bril sou kos. Ons was oorspronklik nie hiervan en van die keuse van 'n duurder opsie ingelig nie.

Die Veterane moet verseker dat hulle ten volle deur hulle verskaffer ingelig word en besef dat wanneer hulle later sukkel om die lense skoon te maak (dit lyk asof die glans plek-plek verdwyn en die lense met skoonmaak dof word), dit waarskynlik te wyte sal wees aan 'n minderwaardige Anti-Glans wat se funksie verswak het".

EFFEK VAN DIE NASIONALE GESONDHEIDSTELSEL (NGS) OP DIE SMMVF

32. Spekulasie oor die Toekoms van die SMMVF. Dr Tony Dippenaar van Cela poog om die makkers met die volgende tot rus te bring:

”Daar is tans baie spekulasie en gerugte oor die toekoms van die militêre mediese versorgingstel en die SMMVF as Voortsettingsfonds. Daar is nog geen sprake dat die militêre hospitale en klinieke deel van die gesondheidspoel gaan word nie, al moet ons kennis neem dat militêre hospitale in die VK met die instel van hulle Nasionale Versorgingstelsel afgeskaf is.

Die Voortsettingfonds is nie ‘n mediese skema nie, maar vorm deel van die dienskontrak wat met lede van die Staande Mag lede aangegaan is. Dit sal dus ‘n wysiging van Verdedigingwetgewing verg om ons VPA-lede nou elders te wil akkommodeer. Ek is egter nie seker of dit retrospektief van krag gemaak kan word nie.

Gesonde verstand (why do they call it ‘common sense” when in fact it is so rare?) sal vir ‘n vennootskap tussen die privaat- en staatsektore beywer. Dit is ook sinneloos om nou skielik duisende mense wat nou op ’n alternatiewe stelsel versorg word, skielik op die staat se wankelende mediese stelsel af te laai. As die ergste scenario bewaarheid word, gaan dit lei tot aansienlike werksverlies en verhoogde Immigrasie en dit juis van diegene wat ons die minste kan bekostig om te verloor.

Wat het dan van die beginsel van ‘vryheid van assosiasie’ geword as daar nie meer gekies kan word oor na watter dokter jy wil gaan nie, Dit is juis kompetisie wat standaarde verhoog, terwyl ’n monopolie in ‘... just a job, not a calling’ ontaard.

Ons moet maar voorlopig rustig wees, want baie water moet nog onder die brug deur, maar intussen hou ons ‘n oog op wat ontwikkel”.

Nota. Lees ook Tony se artikel in par 46 oor die Nasionale Gesondheidsversekeringstelsel.

33. Richard Knipe : Voormalige Hoof van Regsdienste

“Die vraag wat aangespreek word is ‘n bekommernis onder die makkers oor die moontlike effek, indien enige, van die beoogde Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) op die militêre mediese stelsel en die SMMVF as ons Voortsettingsfonds.

In klousule 3 van die National Health Insurance Bill of 2019, word soos volg bepaal oor die ‘Application of the Act’:

> (1) This Act applies to all health establishments, *excluding military health services and establishments.*
> *(2) This Act does not apply to members of* =
> *(a) the National Defence Force;* … (My kursivering)

Daar bestaan geen twyfel nie dat die militêre mediese stelsel, naamlik die SAGD of dan die ‘military health services’ en SAGD-instellings en die ‘military health establishments’ by die militêre hospitale en klinieke, van die werking van die NGV-wet uitgesluit is. Dit beteken dus dat die SAGD en sy instellings nie deur die NGV-wet gekaap en vir die algemene publiek oopgegegooi kan word nie.

Dit is nie heeltemal duidelik wat die bedoeling en effek van klousule 3(2)(a) oor die uitsluiting van lede van die SANW van die werking van die Wet, is nie. Dalk word bedoel om daardie lede van die SANW wat normaalweg deur die SAGD en SAGD-instellings bedien sou word, soos dienende S Mag-lede, ook van die werking van die Wet uit te sluit.

Wat die moontlike effek van die NGV-wet op die SMMVF betref, word verwys na die volgende 'n aantal uittreksels uit die RFMCF Membership Guide, 2015. Die syfers tussen hakies is die betrokke paragraafnommers:

* The Regular Force Medical Continuation Fund was created by the Defence Act as a SANDF Fund (63)

* A member and his or her registered dependants who have been admitted to and are beneficiaries of the Fund, remain entitled to the same benefits in respect of medical, dental and hospital treatment … as which a serving member of the Regular Force is entitled to in terms of GR XV (30)

* The health and patient administration of beneficiaries of the Fund lie within the SAMHS and the healthcare is controlled by the Surgeon General as part of that service (5)

S Mag-pensioenarisse is nie meer lede van die SANW nie. Hulle en hulle afhanklikes is dus nie uitdruklik van die werking van die NGV-wet uitgesluit nie. Nietemin is ek van mening dat 'n sterk saak uitgemaak kan word dat, vir sovêr voortgesette mediese voordele na aftrede 'n uitdruklike diensvoorwaarde/voordeel van alle S Mag-lede was en steeds is, daardie voordele hulle nie deur die beoogde NGV-wet ontneem kan word nie. Trouens, hulle gesondheidsorg word steeds deur die GG beheer".

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

34. Reluctance to Pay a Medical Account

Johan Brink of Personnel has power of attorney to handle the the administration of his late farther-in-law, Chaplain James Kemp, who had been diagnosed with heart related problems at 2 Mil Hosp and henceforth referred to a private medical institution for treatment. All liaison and actions were carried out between 2 Mil Hosp and a private hospital in Pinelands. A pace-maker was inserted by a cardiologist on 24/07/2019 on strength of authorisation from 2 Mil Hosp. At no time did the patient have any input about where and by whom the procedure should be carried out. Since then Johan had received frequent requests from the cardiologist to settle the outstanding amount, as the '... military did not pay the full account', while 2 Mil Hosp failed to rectify the problem.

Johan was assisted to present his dilemma to our medical fund and has been informed that it is receiving attention. Johan now states that he "... wishes to bring this matter under the attention of the Military Veterans, so that they do not allow themselves to be victimised in this manner".

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

35. Belangrike Herdenkingsdatums. Paul Els berig soos volg:

* Die SALM is 100 jaar oud in 2020.

* 1 Valsk Bn is 60 jaar gelede gestig en sal op 01/04/2021 60 jaar oud wees.

* Op Savannah se 45ste herdenking word volgende jaar gevier en planne en reëlings is reeds in plek.

* Is daar enige ander datum van historiese belang wat iemand van weet?

36. Foto van 1 N Tvl Bn

Jaco Steenberg van die SAWV het hierdie foto, wat in 1977 geneem is, op FaceBook gevind.

37. Naam van die Anglo Boere-oorlog (ABO)

* Andy Malan van die Kavallerie

“Ek het op 13/10/2019 te Fort Klapperkop ‘n gedenklesing oor die 120ste herdenking van die oorlog van 1899 tot 1902 gelewer en het daartydens uitgewys dat die Minister van Kuns en Kultuur, Nathi Mthethwa, tydens die bekendstelling van die Versoeningsmaand op 01/12/ 2015, aangekondig het dat die naam van die ABO na die Suid-Afrikaanse Oorlog verander is”.

* Bertus Steenkamp van Afd Inl

“Ek doen reeds geruime tyd navorsing oor die ABO en verwittig dat daar van owerheidsweë gepoog word om die naam van die ABO na die Suid-Afrikaanse Oorlog te verander. Het toe by Johan van Zyl van die ABO Museum in Bloemfontein navraag gedoen, wat soos volg gereageer het:

“Nee, dit is steeds die ABO. Die nuwe bewind wil graag die benaming gebruik, maar dit vind geen aanklank nie”.

38. Loopgraaf in WO1

Hierdie foto van ‘n loopgraaf het in Nov 2109 se uitgawe van Military Despatches verskyn. Die netwerk van loopgrawe het naderhand oor die 40 200 km vanaf die Engelse Kanaal tot teen Switserland gestrek.

NUWE MILITêRE BOEKE

39. NTR.

PAUL ELS SE BOEKE

40. Boek oor die Militêre Basis in Walvisbaai en die Res van SWA

“Die boek van Walvisbaai is so twee maande gelede gepubliseer en is beskikbaar by epos@groep7.co.za. Ek gaan binnekort met ‘n boek oor die militêre eenhede Suid van die Rooilyn begin, waaroor daar nog niks geskryf is nie. Vir hierdie poging gaan ek informasie en fotos benodig oor alles wat Suid van Oshivelo gebeur het. Enige items wat ek ontvang sal ek later aan die Argief of Voortrekkermonument oorhandig, soos wat ek ook met die memorabilia van genl Charlie Lloyd gedoen het”.



WELSYNSWERK

41. Behoefte aan Kampstoeltjies

Pat Venter noem dat hy "…deur twee burgerlike welsynsorganisasies genader is wat daguitstappies vir getremde volwassenes en kinders reël. Die uitstappies behels besoeke aan plase, opelugkonserte, wildparke of deelname aan byvoorbeeld visvang. Die uitstappies word befonds uit donasies wat onvang word en geen subsidies of fondse word hiervoor verkry nie. 'n Kenmerk van dié gestremdes is dat hulle nie lank kan staan nie en daar is dus 'n behoefte aan opvoustoele en myns insiens sal die militêre kampstoeltjies daarvoor idiaal geskik wees. Skenkings van kampstoeltjies of enige ander sort opvoustoeltjies in enige toestand is baie welkom en sal waardeer word. My selno is 083 750 1533".

42. Farm for Military Veterans in Distress. The following article appeared in the Newsletter of the Bats of 26/10/2019, in which this effort of *In His Honour Outreach Foundation is described:*

"In 2016 we were donated an uninhabited farm near Rustenburg to turn it into a kibbutz to assist homeless Military Veterans, giving them a second chance in life and to become part of the building-up of the farm, so that it could become self-sustainable. The Foundation is a registered as a Section 21 non-profit company and the aim is for the farm to become self-sustained and incoming generating. The immediate plan was to plant a cash crop and then to develop a sustainable range of crops. The long-term is to build a range of tunnels to generate funds. Unfortunately, after planting 19 000 watermelons we were up against nature in the form of baboons, buck as well as birds. This crop was a total loss. We have now erected fencing around part of the lands where we now need to plant crops for our animals as well as extra feeding for the wildlife as we go into winter. We have also started farming with pigs, sheep and cattle which will ensure that we have a constant supply of meat and are looking into breeding more chickens and makou for the market".

43. SAWV se Veteranebyeenkoms op 21/11/2019 in Nelspruit

Jaco Steynberg van die SAWV rapporteer "… dat tydens die SAWV se Veteranebyeenkoms was ons die geleentheid gebied om die Veterane en hulle gesinne in Nelspruit op hoogte te bring met die ondersteuning wat die SANW aanbied. Ons gasheer was die AGS gemeente Communio en Johan du Preez het die projekte van die SAWV en die voordele daarvan vir die Veterane en die gemeenskap uitgelig. Daarna het ek vertel van Projek Gompou en hoe die vertel van stories bydra tot genesing en versoening. Die aand is afgesluit met Steve Joubert, skrywer van die boek Gunship over Angola wat sy storie van ontnugtering en genesing vertel het. Dit was 'n besonder geleentheid en ons glo die begin van 'n nuwe momentum in die ondersteuning van Veterane en hulle gesinne in ons gemeenskappe".



44. Benefit Concert and Dinner at the Castle in Cape Town

* William Roberts of Signals mentions "… that Elsa van Wyk of Signals was directly involved with the formal Benefit Concert and Dinner at the Castle on 22/11/2019".

* Monica Moolman that she "… was originally a SACS officer and that the above event was a fund raising event for the SANDF Education Trust of which Elsa is the Project Officer. Hopefully everyone contributed generously to this very deserving cause. Interesting to note that I was the first Project Officer when the Trust was established in 2012 and Elsa took over when old age caught up with me. Let us raise our hats for our men and women of the SACS who have always excelled no matter where duty called".

45. Hulp aan die Boere

Morné Coetzer van die Valskermvereniging noem dat "... dit 'n tradisie is dat valskermsoldate mekaar help. Dit is weer eens bewys deur Veterane in ons geledere wat makkers in droogtegeteisterde gebiede bystaan. Anonieme skenkers uit verskeie oorde het reeds tonne bale voer en sakke mielies gestuur en duisende rande vir ander uitgawes betaal. Hierdie projek gaan nog voort en word goed georganiseer en gekoördineer om ons eie boere in nood te help, veral in die droë Karoo, die Noord-Kaap en die Vrystaat".

ALGEMENE ASPEKTE

46. Onrus oor die Beoogde Nasionale Gesondheidsversekering (NGV). Dr Tony Dippenaar van Cela verklaar soos volg:

"Daar bestaan tans 'n aansienlike mate van onrus oor die beoogde NGV. Die wetontwerp het die lig gesien, maar al wat tans bestaan is die bedoeling om so 'n stelsel te hê. Die wetsontwerp vorm net die geraamte van die stelsel, terwyl die vleis in die vorm van regulasies, administrasie en finansies tans nog die onderwerp van navorsing is. Hierdie vakuum gee aanleiding tot wilde bespiegeling wat tot niemand se voordeel is nie.

Niemand betwis die wesentlike behoefte dat almal toegang het tot 'n goeie gesongheidstelsel moet hê nie. Tesourie is egter van mening dat Jan Alleman reeds sy belastingsplafon bereik het en as dit so blyk te wees, dan moet die geld vanuit 'n ander bron kom. Dan moet ook nie vergeet word van die vele mededingende finansiële behoeftes nie, want is 'n handhaafbare ESKOM nie dalk 'n hoër prioriteit nie?"

47. Issue for Nov 2019 of Military Despatches

Robbie Roberts of Signal advises that the new issue of Military Despatches is available on the net and that you "… will enjoy reading this interesting, thoroughly researched magazine read by over 100 000 readers".

48. Ou Begraafplaas word 'n Stortingsterrein

Paul Els rapporteer dat dat daar "... nou ongeveer tien rommelhope in en om die Ou Begraaflaas is. Terwyl ek daar was, het 'n bakkie met 'n blanke drywer (kyk foto) daar aangekom om sy rommel af te laai. Die plaaslike lid van die Stadsraad, Ina Strydom, het my verwittig dat sy met die DOW oor die en die toestand van Voortrekkerhoogte geskakel het en is aangesê dat sy nie die SANW oor die kwessie mag kontak nie.

49. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Nov 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

50. Ode to the NS Generation. Jaco. Steenberg of the SADFA placed the following on the webpage of Grensoorlog and it was enough to bring a tear to the eye. He says that he "... was a member of the NS generation and we all still remember this about NS and have good and bad memories about our days in the SA Army:

Registering for NS on turning 16.
Receiving your call-up instructions in the post.
Reporting for NS.
The Roofie ride from the station to the base.
The issuing of kit.
Your first meal in the mess.
Your first evening in an army bed.
Your first run to find a leaf and when you return the Cpl tells you it is the wrong leaf.
The first morning running around and the Cpl shouting you must hurry up.
Learning how to prepare for inspection.
Squaring your bed.
Learning the squad drill moves.
Drilling and drilling.
Running.
Push-ups
Drawing weapons.
Rifle PT.
Weapon training.
Going to the shooting range for the first time.
Your first shot.

Cleaning your rifle after shooting.
Inspection.
Mail call.
Your first time in the field and eating out of a dixie and drinking out of a fire bucket.
Shaving with cold water.
Your first time on parade.
Your first pass.
When you see a rank-carrying member, you duck and dive.
L Cpls were respected and feared.
You either were in your step-outs or dress 9 ceremonial when you went to town.
You only removed your beret when entering a mess or if you were going to eat at a restaurant. You only removed your beret while driving when you were out of town and you put it back on your head when you were about to enter a town
You did not wear a bush hat in public, only a beret. Bus hats where only for training.
You did not smoke in public.
You did not eat in public.
During Sunday meals at the mess, you wore a jacket and a tie.
On entering the bar, you greeted the highest-ranking member and asked permission to join.
Varkpanne
RSM and OC inspection was a thriller.
When going on a course, you had to report to either the Adj or RSM in step-outs or Dress 9
You had to ask the OC/RSM permission before you got married.
You had to invite the OC/RSM to your wedding.
You had to ask permission to have a military wedding.
You had to salute a hearse when it passed you.
You had to salute a pregnant woman when she passed you.
Ou Manne …
Blougatte…
Roofies
40 days.
Min dae.
Guard duty at the main gate (You had to drill when opening and closing the gate).
No walking across the grass.
No walking across the parade ground.
Drilling from point A to point B.
SA Army Women's College.
Flying with the Flossie.
Pass books.
Pack drill.
Pole PT.
Extra duty.
Red Dobie.
DB.
Battalion parades.
Freedom-of-city parades.
Stable parade.
Uitpak inspection.
Platoon weapon training.
Section Leading.
Vasbyt at the SA Inf School.
Bosbus.
PT.
Discipline.
Border duty.
Township duty.

Tyre flip.
LMG training (Wissel!)
Escort duty.
Min dae creases in your shirts.
Balsak.
R1 Rifle
Patmor
Chopper drills.
Browns.
Buffel drills.
Your first contact.
Mopping up.
Dankie-sê Tannies.
Two years NS.
CF Camps.
Tet 1 and tet 2 Injections.
MPs
RPs
Medics.
PTIs
Die kaplyn.
The rank of commandant.
The rank of brigadier.
Pro Patria Medal.
Southern Africa Medal.
General Service Medal.
HC Decoration.

Those were the days, the best and worst time of our life, for today we are better persons. We were mere youngsters, just out of school, still wet around the ears, and suddenly many of us grew up very quickly, some even before we were 19 years old. We were the National Service Generation".

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

51. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

52. Revamp of the Webpage of the Signals Association

Robbie Roberts is the Chairman of the Signals Association and reports that the Association's webpage has been revamped and is available on the link at www.signalsassociation.org.za. Please pass on your comments my e-mail address at robbie.wa.roberts@gmail.com".

53. Paul Els se Droom

"My droom is om vir ons Veterane 'n plek in Pretoria te kry waar daar elke naweek gekuier kan word. Dit moet ook akkommodasie verskaf aan lede wat van ver kom om te oornag na bywoning van funksies of om 1 Mil Hosp. te besoek. Die ideaal sal wees om ook daar 'n ultstalling van ons bosoorlog te doen. Tans betaal ons ten duurste om funksies te hou of te oornag en ek het die regte plek geidentifiseer maar dit sal baie kos".

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

54. Getuienis voor die Mpati Kommissie

Christo van Dyk noem "... dat dit opmerklik is dat die Trustees van die GEPF skitter in hulle afwesigheid en stilswye, nie net oor wat soms by die OBK aangaan nie, maar ook in hulle onwilligheid om die kommissie van ondersoek te ondersteun deur self te gaan getuig".

55. Reaksie deur AP Stemmet na Brief in Die Burger

"Theo Stehle slaan in sy brief die spyker op sy kop. Selfs die nuwe bekwame voorsitter van die OBK loer na die GEPF om die regering se probleem op te los. Weet hy en ander dan nie dat die GEPF reeds R94,5 miljard in Eskom gestort het nie? Dat 29% van die GEPF se bates reeds staatsbeheerde organisasies soos Eskom, Denel, Sanral, Petrosa en die SAL, waarvan diie mees bankrot is, 'belê' is nie? Dat die GEPF self reeds 'n akturele tekort van R583 miljard het? Dat die GEPF se bates reeds jaarliks vreeswekkend daal? Dat die storie dat beleggings in staatsbeheerde organisasies deur die regering gewaarborg word, nie waar is nie?

Die geld van die GEPF behoort aan die lede daarvan en is bedoel om voorsiening vir die pensioen van sy lede te maak en die aanwending daarvan deur wie ook al, selfs die regering, sal neerkom op blote diefstal".

56. AP Stemmet Vat Dit Saam

"Op 83 begin my werkdag elke oggend om 02:30 om tyd aan my passie, die volhoubaarheid van die GEPF, te spandeer. In die middag 'n kort slapie en dan weer voet in die hoek.

Ek het gister 'n dokument geskryf waarin ek verwys na ons eerste brief aan die Minister van Finansies, wat MS du Toit opgestel en by sy kantoor gaan aflewer het. Dit tot Adj Min Jonas se opdrag tot gevolg gehad oor beleggings in die SOEs (wat ongelukkig nie uitgevoer is nie), die openbaarmaking van geheime beleggings, asook gesprekke met die OBK en die GEPF. Dit is MS se monumente.

Het reeds reageer op Minister Mboweni se toespraak, veral omdat die SOEs so bankrot is dat die regering ongetwyfeld gaan probeer om op ons fondse beslag te lê. Het sommer by voorbaat beswaar gemaak.

Help tans ons tak in die Skiereiland om hulle AJV te organiseer. Het reeds vir Dawie Roodt as gasspreker gekry en nou moet ons help om 'n vol saal te reël.

Verskaf steun aan Hennie Roux van die Lugafweer met sy groot projek waaraan hy hom disnis werk om die Mpati-kommissie se oorkonde van 6 000 bladsye te indekseer. Dit is uiters belangrike dog interessante werk, maar meeste van ons meer as 3 000 ingeskrewe en byna 11 000 lede op FaceBook sal almal '… graag wil help, maar is net te besig'. Ons het baie passasiers maar baie maar min werkers. Lede wat hiermee kan help moet asseblief vir Hennie op hennie@nostalgie.co.za skakel.

Nou stem ek saam met Cecil John Rhodes wat gesê het '… so much to be done, so little done".

57. Distribution of the AMAGP Monitor

Fanie Versfeld of AMAGP advises that he "… will now be assisting with the distribution and dissemination of AMAGP's information, notices and correspondence. I will also assist in relaying your enquiries and or comment to the management team.

The GEPF Monitor No 12 is now available on the link at www.AMAGP.co.za. Whilst we are still endeavouring to resolve the distribution some of you may well receive a duplicate e-mail message, but we will rectify the matter as possible. Please contact me on 063 296 8583 or on verssa@sonicmail.co.za".

58. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n nuwe en blinker voorkoms het.

SOEKTOGTE

59. Waar is Alan van Schalkwyk van die Infanterie

John French van die Kavallerie vra dat "... die ou garde se geledere hom help soek na 'n ou maat van my, wat in die 1960s by C Komp van 3 SAI Bn in Potchefstroom gedien het en moontlik later na die SA Leërgim verplaas is. Hy was ook 'n groot vriend van Bennie Oosthuizen. My e-posadres is hawkeye@sunbirdprojects.com

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

60. Bywoning van Gedenkdienste

Paul Els rapporteer dat talle Veterane die gedenkdienste oor die naweek 09 en 10/11/2019 bygewoon het, wat ook wêreldwyd plaasgevind het. In Pretoria het die SA Legion die gedenkdiens in Voortrekkerhoogte gehou, wat deur lede van die Pretoria Canopy bygewoon en het toe in die middag saam met die Burgermeester die diens in Johannesburg bygewoon. 'n Lid van die Canopy het met sy hond by albei geleenthede kransies gelê. Dit het baie aandag getrek.

61. Lunch of the Gunners' Association in the Cape

The branch of the Gunners Association in the Western Province anch in Cape Town, advises that the end of the year lunch will be combined with the celebrating of our patron Saint, St Barbara. The lunch will take place at the Barristers Grill on Sunday 08/12/2019. We have space for 50 members. The photo was taken at the lunch in 2018.

.

62. Eindjaarete van die Overstrand Veterane

Jos Rabie van die Parabats is die dryfveer agter die Militêre Veterane se byeenkomste in die Suid-Kaap en rapporteer dat die eindjaarete op 01/11/2019 plaasgevind het. Bekendes soos onder andere adm Johan Retief, genl Roelf Beukes, Jerry Coetzee, Louis Coetzee, Albert Drenth, Riaan von Bentheim en Fielies de Kock het die ete bygewoon.

63. Byeenkoms van die Parabats in Hartbeespoort

Paul Els rapporteer dat "… die Parabats 'n suksesvolle byeenkoms by die terrein van *In His Honor Outreach Foundation* in Schoemansville, Hartbeespoort, gehou het om fondse vir hulpbehoewende kinders in te samel. Dit wonderlik om die manne te sien gesels nadat hulle mekaar seker 30 of 40 jaar laas in uniform gesien het. Die Parabats kuier elke jaar daar en die fondse wat verkry word word gebruik vir die kinders wat Mike en Dianne Cronje na omsien. So ook word van die fondse gebruik om Veterane te ondersteun wat op die plaas naby Rustenburg woon".

64. SANW se Laaste Ontbyt vir 2019 in Oudtshoorn

Jaco Steenberg verklaar dat die SANW se ontbyt in Oudtshoorn, onder die vaandel van Op Kolgans op Saterdag 07/12/2019, sal ons laaste ontbyt in 2019 wees. Ons nooi die Veterane van alle magte en hulle geliefdes en gesinne uit na die ontbyt. Dit vind om 09:45 vir 10:00 by die La Dolce Vita Restaurant in Baron Van Rheedestraat in Oudtshoorn plaas. Koste is R40

per persoon wat koffie of sap insluit. Verwittig bywoning aan my by 073 204 6066 of by bemarking@milvets.co.za".

65. Funksie by die Seiner-hemel

Paul Els rapporteer met heimweë dat die Seiners wat tussen 1960 and 1969 aangesluit het, op 19/10/2019 'n byeenkoms by die rolbalbaan Heidelberg gehou het. Daar was heelwat Seiners en hul gades. Die foto is by die geleentheid geneem. Voor in die middle sit AO1 Braam Blom, seker die bekendste Seiner wat vir baie jare die RSM van die Seinskool was.

ADMINISTRASIE

66. NTR.

NETWORKING

67. Nis in die Gedenktuin by die Voortrekkermonument (VTM)

Jakes Jacobs van die Geskut noem "… dat wyle Calla Theron destyds twee nisse gekoop het, maar Calla se dogter, Lika verwittig dat een van die nisse vir R4 000 te koop is. Aldus die VTM se bestuur is die nisse tans uitverkoop.

Die Gedenktuin is rondom 'n visdam geleë binne die geproklameerde Natuurreservaat geleë, direk Wes van die VTM en word beskou as die mooiste en veiligste gedenktuin in Suid-Afrika. Die nisse word vir die bewaring van die as van een of twee geliefdes gebruik. Ingesluit by die prys is die donkergrys granietsteen maar die graveerwerk is vir eie koste, maar kan deur die VTM se bestuur vir R180 gedoen word. Lika se selno is 083 280 7326".

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

68. Food for Thought. NTR.

69. Royal New Zealand (RNZN) Navy Goes Cuckoo

Male Navy personnel are now permitted to wear fake eyelashes, makeup and nail polish according to new gender-neutral guidelines. The RNZN intends to demonstrate that it makes no distinction between male and female members in terms of appearance.

70. Poppy Day on 11/11/2019

71. Maan Toe

Die Springbokke was maan toe en terug.

SLOT

72. en op daardie wonderlike noot, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

73. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.